KWAGGA OPVOEDKUNDIGE SENTRUM

Voorligting en Sielkundige Dienste

Tel: 044 87 44 2991 Epos: sielkundige@outeniqua.co.za

VAKKEUSE

PSIGOMETRIESE ASSESSERING

Augustus 2020

Liewe graad 9-ouers en -leerders

Ek is dankbaar om ons psigometriese assessering vir vakkeuses 2021 aan u bekend te stel. Vanweë die huidige omstandighede kan ons net 50 leerders op ‘n slag toets.

Psigometriese assessering is ‘n **baie belangrik stap** in die **proses** van **vak- en loopbaankeuses**. Hierdeur word leerders se aanleg, belangstelling, persoonlike voorkeure en akademiese potensiaal bepaal. Resultate word gebruik om ‘n **persoonlike profiel** van die betrokke leerder saam te stel wat dan as **vertrekpunt** gebruik kan word vir vakkeuses.

Leerders sal in **groepe gedeel** word soos wat ouers die **bespreking en betalings maak**. *Dui asseblief u kontakbesonderhede op die bewys van betaling aan en epos dit aan kosontvangs@outenqiua.co.za***.** U sal dan meer besonderhede rondom die dag se reëlings ontvang.

Om alle ouers te akkommodeer is daar **vier opsies** beskikbaar. U sal opmerk dat ons by elke opsie ook ‘n **elektroniese verslag (E-opsie)** beskikbaar het. Hierdie verslag sal dan nie gedruk word nie, maar aan ouers per epos gestuur word. Indien u hierdie opsie sou kies, benodig ons u korrekte epos adres.

Opsies	Wat gebruik en getoets word	Aanbieding van resultate	Gedrukte verslag	Elektro-niese verslag
Opsie 1 & Opsie 1 E	✓ Aanlegtoets (DAT-S) *Aanlegtoets bestaan uit 9 sub-toetse wat aanlegte meet. ✓ Persoonlike voorkeure- en inligtingsvraelys ✓ Laaste skoolrapport	**Een-bladsy verslag met resultate van:** ✓ Aanlegtoetse en ‘n ✓ Vakaanbeveling	Opsie 1: R150	Opsie 1E: R130

Opsie 2 & Opsie 2E	✓ Aanlegtoets (DAT-S) ✓ Belangstellingsvraelys (SABVV) ✓ Persoonlikheidsvraelys (Jung) ✓ Persoonlike voorkeure- en inligtingsvraelys ✓ Laaste skoolrapport	**Drie-bladsy verslag met resultate van:** ✓ Aanlegtoetse, Belangstellings- en Persoonlikheidsvraelyste ✓ Vakaanbeveling	Opsie 2: R350	Opsie 2E: R320
Opsie 3 & Opsie 3E	✓ Aanlegtoets (DAT-S) ✓ Belangstellingsvraelys (SABVV) ✓ Persoonlikheidsvraelys (Jung) ✓ Persoonlike voorkeure- en inligtingsvraelys Laaste skoolrapport	**Gekombineerde en breedvoerige verslag met resultate van:** ✓ Aanlegtoetse, Belangstellings- en Persoonlikheidsvraelyste ✓ Vakaanbeveling ✓ Aanbeveling vir moontlike beroepsrigtings	Opsie 3: R550	Opsie 3E: R510
Opsie 4	U kind kom skryf die toetse en u kan die toetse op 'n latere stadium verwerk.			

Alhoewel die opsies verskillend saamgestel is, verseker ons u dat **elke aanbeveling** met groot **sorg en deugsaamheid** gedoen sal word. Hierdie toetsing word in samewerking met mev. Liesl Bekker (Opvoedkundige Sielkundige) gedoen.

Die volgende praktiese reëlings is baie belangrik:

BETALING	**Kontant:** Leerders kan met kontant / kaart by die kassiere betaal. Hulle moet daarna die kwitansie by die Voorligtingskantoor inhandig om die bespreking te finaliseer. **KARRI APP of Elektroniese betalings:** Hoërskool Outeniqua FNB Tjekrek: 620 9376 3673 Takkode: 210114 Dit is **baie belangrik** dat u die bewys van betaling kom aflewer by die Voorligtingskantoor of dit sal epos na kosontvangs@outeniqua.co.za **Verwysing: LEERDERNAAM+PSIGO+KLASSEKSIE** (bv. ANaudePsigo925)
DATUM VAN TOETSING	**7 Augustus 2020** Ons toets leerders in die Cuisine. Toetsing sal vanaf 7:45 tot 13:00 afgeneem word. Leerders moet hulle eie skryfbehoeftes, kos, water en maskers bring. Besonderhede is per brief deurgegee.

U is meer as welkom om my te kontak indien u enige verdere vrae het.

Baie dankie,

Anne-Marie Naudé

OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDIGE
sielkundige@outeniqua.co.za